

12 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 9:37-56

Fokusgedeelte: Lukas 9:46-50

Slaag jy die toets van selfverloëning en ware liefde?

Op die vooraand van sy laaste reis na Jerusalem ervaar Jesus groot droefheid oor die dissipels se verkeerde gesindheid. Terwyl Jesus wil hê dat hulle met Hom één sal wees in die komende gebeure, sien hulle kans om op selfsugtige wyse steeds die trompet van selfhandhawing te blaas. Eers stry hulle oor wie van hulle die belangrikste is. Dan verbied hulle 'n man om in die Naam van Jesus duiwels uit te dryf, en dit net omdat hy nie tot die dissipelkring behoort het nie. In beide hierdie insidente het die dissipels se selfgesentreerdheid en jaloesie daartoe gelei dat hulle die toets van ware dissipelskap jammerlik gedruip het.

In sy reaksie trek Jesus 'n klein kindjie nader om die dissipels te beskaam. Hulle moet soos hierdie kindjie wees en na dergelike “kleintjies” sonder sosiale status moet hulle in die Naam van Jesus uitreik as hulle ware grootheid wil leer ken.

Wat die tweede geval betref, moet hulle begryp dat daar in die koninkryk van God plek is vir heelwat meer mense as net vir hulle en diegene wat presies soos hulle dink. Selfs al was daar nog baie gebreke in die man se diens aan Jesus en al was hy in die oë van die dissipels nog 'n “kind”, was hy nogtans 'n opregte gelowige en moes hulle hom met respek behandel het, want “... wie nie téén julle is nie, is vir julle”.

Min dinge veroorsaak in die kerk van Jesus Christus meer droefheid as *hoogmoed*, *heerssug* en *onverdraagsaamheid* van lidmate. Hoe kan dit ook anders? Dit is dan die presiese teendeel van Jesus se eie optrede teenoor sondaars. Maak dit daarom jou erns om met liefde en selfverloëning *in die Naam van Jesus* uit te reik na almal wat op jou weg kom. Dit sluit uitdruklik die “kleintjies” in wat nie sosiale aansien geniet nie, asook Christene uit ander denominasies wat die Here nie in dieselfde styl as jy aanbid nie. Dán handel jy in harmonie met die Koning van die kerk en is jy op die pad van ware grootheid!

Sing: Psalm 66:1, 7

Ds JJ Cloete (Koster)

